## GEBEDSBULLETIN

**JULIE se tema: Koninkryksvisie.**

**Dank die Here hierdie week vir:**

- ⇒ Die hoop waarmee ons kan leef.
- ⇒ Die geleenthede wat ons het om die evangelie te verkondig.
- ⇒ Al ons kerk en gemeente se uitreik aksies.
- ⇒ Die voorreg om deel te kan wees van 'n gemeente.

**Bid hierdie week vir:**

- ⇒ Die werk van die Gideons wat Bybels by skole en hospitale plaas.
- ⇒ Die kerk se bedizening aan die Jode.
- ⇒ Geopende Deure se sendingwerk dwarsoor die wêreld.
- ⇒ Radiokansel — dat die saad wat hulle met uitsendings saai vrug sal lewer
- ⇒ Die Bybelgenootskap se voorsiening van Bybels in alle tale.
- ⇒ Organisasies wat onder prostitute en dwelmveslaafdes werk.
- ⇒ Sendingwerk in die Makathini-vlakte en Misinga(KZN)
- ⇒ Die werk van die VCSV onder jongmense.
- ⇒ Arbeidsbediening—veral die spanne wat plaaslik werk.
- ⇒ Bediening aan Moslems.
- ⇒ Sendingwerk in Harare, Malawi, Mosambiek, en Nigerië.
- ⇒ Die sendingaksies wat ons ondersteun (sien die Nuusbrief).
- ⇒ Inwoners van Santos Haven se drie siekeboeë, Kenani, Huis Elsjé, Benevolent Park, Ons Huis, Huis Caro en Ons Rus. Ook lidmate wat herstel na operasies, hospitalisasie, siekte tuis, of ander krisisse beleef.

**KOMMUNIKASIE:** Indien u oor 'n epos-adres beskik en dit nog nie aan die kerkkantoor deurgegee het nie, stuur asb 'n epos met u adres en selfoonnr. na die kerkkantoor: ngkerkmsb-suid@absamail.co.za. Indien u 'n nuwe selfoonnommer kry, stel dit ook asb by die kantoor reg of gee u nommer deur as die kerkkantoor dit nog nie het nie. Ons sal u nie belas met lastige boodskappe nie.

**OESMAAND KOSKAS:** JULIE is **Streek A** se beurt om bydraes te maak vir die koskas. Droë produkte, groente, blikkies en gevriesde produkte, asook kontantbydraes kan by die kerkkantoor of u kerkraadslid afgegee word. Navrae Joey telnr. 073 2988 142.

**DANABAAI:** Op 1 Julie om 18:00 bied die gemeente 'n aansitete met 'n gaskunstenaar aan. Kaartjies @ R60 by die kerkkantoor in Danabaai (0446981977). Op 2 Julie vanaf 08:30 het hulle 'n wit olifante mark. Bespreek 'n stalletjie @ R120 vir eie inkomste. Kontak Angie (078 4238611) of Retha (082 4475490). Eetgoed soos roosterkoek met kerrie maalvleis/ boerewors/ konfyt, sop, pannekoek en basaar poeding sal verkoop word.





# NG KERK MOSSELBAAI-SUID

TELNR: 044-6903552 ngkerkmsb-suid@absamail.co.za

**AFKONDIGINGE: JUN/JUL Vakansie 2016**

*"Ek kyk op na die berge: waarvandaan sal daar vir my hulp kom? My hulp kom van die Here wat hemel en aarde gemaak het" (Psalm 121:1-2)*

## ** VIR JOU AANDAG **

**DEUROFFER:** Soos op die Jaarprogram.

**KATEGESE/KINDERKERK:** Nie in vakansie. Begin weer DV op 24 Julie.

**EREDIENSTE:** Om **09:00** in die kerkgebou en om **09:30** op Vleesbaai. Vandag, 3 en 17 Julie is ds Danie DV in die kerkgebou en 10 Julie op Vleesbaai. Dr M. Pauw is DV 10 Julie in die kerkgebou en 3 en 17 Julie op Vleesbaai.

**KLEINGROEPE:** Geen gedurende die skoolvakansie. Ons gebedsgroepe vergader soos onderling gereël.

**NUWE INTREKKERS:** Baie welkom in ons midde - mag u verblyf tot seën wees! Die dominee sal u graag na die diens voor die kansel wil ontmoet.

**ROSYNE:** Ons het nog rosyne te koop. By die kantoor (Weeksdae 07:30 tot 12:30). Die perskes is ongelukkig uitverkoop!

**VERLOF DOMINEES:** Ds Robert is DV met spesiale verlof 25 Junie tot 10 Julie vir die uitreik na Botswana. En dan het hy gewone verlof tot 17 Julie. Ds André is met langverlof tot 19 Julie. Ds Danie is beskikbaar vir enige gemeentelid wat 'n besoek of ondersteuning benodig. Skakel hom gerus by 044-6911450 of 084 701 4386. As u dalk bewus word van 'n behoefte by 'n ander lidmaat laat weet ook asseblief.



**SAAMKUIER:** Kom drink iets na die erediens in die saal en kuier 'n bietjie om ons gemeenskap van geloof te versterk.

**HERBERG KINDERHUIS:** Onthou u bydrae — info by Joey (073 2988142 of 044 6910116).

**LENTE DANKFEES:** Ons basaar is DV op 2 September. As u in die vakansie 'n tydjie het, kan u solank goedjies maak vir die basaar, of op u eie woeker vir 'n ekstra geldjie. As u kaste regpak, onthou die wit olifanttafel!

## BANKBESONDERHEDE

NG Mosselbaai-Suid, ABSA Mosselbaai, reknr 207 058 0031 (Dankoffers)

NG Mosselbaai-Suid, ABSA Mosselbaai, reknr 207 016 7886 (Geloofsoffers)